



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, VIRTUEEL GEHOU OP DINSDAG, 30 MAART 2021 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

Matthyse, S E (EFF)

McQuire, V D (DA)

O'Kennedy, E C (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Direkteur: Beskermingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat rdl C H Papers afwesig is sonder verlof.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Die Speaker versoek die raad om die amp van die Speaker te respekteer ooreenkomstig die Swartland Munisipaliteit: Verordening Insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings. Die Speaker vermaan die raad dat herhaaldelike oortredings nie geduld sal word nie en moontlik tot die oplê van boetes mag lei.

Die Speaker versoek dat daar **KENNIS GENEEM WORD** dat die Portefeuljekomiteevergaderings geskeduleer vir Woensdag, 7 April 2021 afgestel word.

#### **4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

##### **4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 11 MAART 2021**

###### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 11 Maart 2021 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

###### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### **5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 JANUARIE 2021**

##### **5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 FEBRUARIE 2021**

saamgelees met

##### **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 10 FEBRUARIE 2021**

#### **6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

###### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

##### **6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 6 JANUARIE 2021**

#### **7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

#### **8. SAKE VIR BESPREKING**

##### **8.1 VIERDE WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) jaarliks moet hersien. Die GOP dien as basis vir die 2021/2022 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die Uitvoerende Burgemeester lê die item ter tafel en behandel kortliks die wysigings aan die GOP, met spesifieke verwysing na die top tien risiko's vir die Munisipaliteit.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 15 stemme (DA-raadslede) en 1 stem (EFF-raadslid) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (ANC-raadslede) wat buite stemming bly.

Besluit/...

8.1/...

### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die vierde wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne wat ter tafel gelê is in terme van artikel 17(3) van die MFMA;
- (b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2021/2022 DCoG loodsprojek ten opsigte van die indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP;
- (d) Dat 'n verdere konsultasie- en verfyningproses gedurende April 2021 gevolg word.

### 8.2 TERTAFELLEGGING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2021/2022, 2022/2023 EN 2023/2024 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAMEPROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen lê die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2021/2022, 2022/2023 en 2023/2024 finansiële jare ter tafel soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Maart 2020. Die voorlegging van die Uitvoerende Burgemeester is volledigheidshalwe aangeheg tot die notule.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 15 stemme (DA-raadslede) en 1 stem (EFF-raadslid) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (ANC-raadslede) wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh O M Stemele)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (b) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2021/22 – 2023/24 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2021/2022	Draft Budget 2022/2023	Draft Budget 2023/2024
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 122 552 729	R 85 134 732	R 84 826 348
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 22 700 000	R 23 810 000	R 24 711 000
Dept. Human Settlements	R 14 600 000	R 15 800 000	R 19 760 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 8 355 000	R 5 000 000	R 5 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 1 033 000	R -	R -
Community Safety Grant	R 27 500	R -	R -
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>R 169 268 229</b>	<b>R 129 744 732</b>	<b>R 134 297 348</b>

8.2/...

- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 2 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per (**Annexure A, Section 1: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File**);
- (f) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2021/22 tot 2023/24 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikels 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Half-Jaar Aansuiwering sbegroting 2020/21	Konsep Begroting 2021/22	Konsep Begroting 2022/23	Konsep Begroting 2023/24
Kapitaalebegroting	212 435 837	210 663 962	169 268 229	129 744 732	134 297 348
Bedryfsuitgawes	810 670 080	812 208 752	913 771 237	988 593 746	1 064 251 201
Bedryfsinkomste	882 786 413	892 883 145	965 667 337	1 043 066 063	1 115 492 048
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(72 116 333)</b>	<b>(80 674 394)</b>	<b>(51 896 100)</b>	<b>(54 472 316)</b>	<b>(51 240 847)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelings- bydraes	86 863 600	79 226 340	47 912 409	45 865 556	50 788 078
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>14 747 267</b>	<b>(1 448 054)</b>	<b>(3 983 691)</b>	<b>(8 606 760)</b>	<b>(452 769)</b>

- (g) Dat daar inbeginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2021/2022 finansiële jaar vir implementering op 1 Julie 2021, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

<b>Category of property</b>	<b>Rate ratio</b>	<b>(c/R) rate determined for the relevant property category</b>
<i>Residential properties</i>	<i>1: 1</i>	<i>0,5464</i>
<i>Business and Commercial properties</i>	<i>1: 1,4367</i>	<i>0,7850</i>
<i>Industrial properties</i>	<i>1: 1,4367</i>	<i>0,7850</i>
<i>Agricultural properties</i>	<i>1: 0,25</i>	<i>0,1366</i>
<i>Mining properties</i>	<i>1: 1,4367</i>	<i>0,7850</i>
<i>Public Service Infrastructure</i>	<i>1: 0,25</i>	<i>0,1366</i>
<i>Public Benefit Organisations</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>
<i>Vacant properties</i>	<i>1: 1,347</i>	<i>0,7360</i>
<i>Municipal properties</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>
<i>Conservation Areas</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>
<i>Protected Areas</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>
<i>National Monuments</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>
<i>Informal Settlements</i>	<i>1: 0</i>	<i>0,0000</i>

### **Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

### **Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

**NB:** Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (h) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (i) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2021/22 finansiële jaar, met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;
- (j) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2021/22 – 2023/24)** goedgekeur word;
- (k) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget Related Policies 2021/22)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (l) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot **0,50%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R 1 294 339** vir die 2021/22 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (m) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4%** vir 2021/22; **4.5%** vir die 2022/23 en **4.5%** vir 2023/24 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
  - Ten opsigte van die Direkteure: Korporatiewe Dienste, Elektriese Dienste en Beskermingsdienste, **uitgesluit die HFB en Direkteure: Siviele Dienste en Ontwikkelingsdienste**, 'n **4%** verhoging met ingang van 1 Julie 2021;
  - Ten opsigte van die Munisipale Bestuurder, 'n verhoging van 2,5% met ingang van 1 Julie 2021;
  - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

8.2(m)/...

(**LET WEL:** Voormelde voorsiening van verhogings is net vir begrotingsdoeleindes, gebaseer op die aanbevelings van NT (Nasionale Tesourie) en moet nie geag word as enige mandaat of bevestiging van bekostigbaarheid nie, aangesien die verwagte inkomstebronne van die Munisipaliteit onder geweldige druk oor die volgende nuwe meerjarige begroting gaan wees. Ten aansien van mandate moet die Munisipaliteit nog 'n mandaat aan SALGA voorsien, welke mandaat konserwatief van aard sal wees spesifiek met in ag neming van die Munisipaliteit se vermoë om dit uit realistiese verwagte inkomste te finansier oor die MTREF.)

- (n) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **12.5%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar en die verminderde inkomstebronne met 'n minimale groei in inkomste van slegs **8.1%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.8 maande** vir 2021/22, **8.6 maande** vir 2022/23 en **8.1 maande** vir 2023/24 finansiële jare (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
  - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat bedryfsurplusse verwag word vir 2021/2022 'n bedrag van **R 3 983 691**, vir 2022/2023 'n bedrag van **R 8 606 760** en 2023/2024 'n bedrag van **R 452 769 (kapitale toekennings uitgesluit)**;
- (o) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (p) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.5 soos vereis deur Nasionale Tesourie en dat die mSCOA-datastring nie vir verifikasie doeleindes opgelaaï kon word tydens die finalisering van die begroting nie, weens tegniese probleme wat die NT-stelsel ondervind;
- (q) Dat die proses van publieke insette, sienings of kommentaar op die konsep **hersiende** begroting en verwante beleide (beperk tot die hersienings van die vorige jaar) en begrotingsdokumente, insluitend die eiendomsbelastingkoerse en tariewe, teen 12 voormiddag op 30 April 2021 sluit.

### 8.3 VOORLEGGING VAN KONSEP EIENDOMSBELASTINGVERORDENING (1/1)

Die konsep Eiendomsbelastingverordening soos gesirkuleer met die sakelys word aan die Raad voorgelê ingevolge paragrafe 56 en 57 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vird ie Hou van Vergaderings.

Die voorlegging het ten doel om 'n publieke deelnameproses te volg en insette/kommentaar kan tot Vrydag, 7 Mei 2021 by die Munisipale Bestuurder ingedien word.

Die Speaker reël dat daar tot stemming oorgegaan word en word die aangeleentheid (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 15 stemme (DA-raadslede) en 1 stem (EFF-raadslid) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (ANC-raadslede) wat buite stemming bly.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die Raad die konsep Swartland Munisipaliteit: Eiendomsbelastingverordening in beginsel goedkeur ten einde die konsep verordening in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000 vir publieke kommentaar te adverteer, in die plaaslike media en op die munisipale webtuiste.

#### **8.4 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)**

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word op 'n jaarlikse basis hersien ten einde tred te hou met die nuutste wetgewende vereistes en toepaslike regulasies.

Die gewysigde beleid is met die sakelys gesirkuleer.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Raad se Voorsieningkanaalbestuursbeleid in paragraaf 16 en 17, soos aangedui in Aanhangsel A, met onmiddellike effek geïmplementeer word.

#### **8.5 KONSEP 2021/2022 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die konsep 2021/2022 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 15 stemme (DA-raadslede) en 1 stem (EFF-raadslid) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (ANC-raadslede) wat buite stemming bly.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte konsep 2021/2022 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies ter tafel gelê is;
- (b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2021/2022 DCoG loodsprojek ten opsigte van die indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die SDBIP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die SDBIP; en
- (d) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

#### **8.6 WYSIGING VAN KONTRAK T40/18/19: DIE VOORSIENING, LEWERING EN ADMINISTRATIEWE ONDERSTEUNINGSDIENSTE VIR 'N BOETE-INSAMELINGSTELSE EN KAMERATOERUSTING EN VERWANTE BEDRYFS-ONDERSTEUNING (17/5/B)**

'n Diensleweringsooreenkoms is in terme van Tender T40/18/19: Die voorsiening, lewering en administratiewe ondersteuningsdiens vir 'n boete-insamelingstelsel, kameratoerusting en bedryfsondersteuning met TMT Services (Pty) Ltd op 15 Julie 2019 aangegaan.

'n Skrywe gedateer 14 April 2020 is ontvang vanaf TMT Services (Pty) Ltd waarin die Munisipaliteit meegedeel word dat as gevolg van die ekonomiese impak van die Covid-19 pandemie op die bedryf, die diensverskaffer nie meer in staat is om aan die diensleweringsooreenkoms uitvoering te gee nie.

Daar is op tender uitgegaan om 'n nuwe diensverskaffer aan te stel, maar die tenderpryse was buitensporig hoog.

Daar is dus besluit om verder met TMT Services (Pty) Ltd te onderhandel om te verseker dat die diens gelewer word.

Die wysigings aan die kontrak word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 15 stemme (DA-raadslede) en 1 stem (EFF-raadslid) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (ANC-raadslede) wat buite stemming bly.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat weens die negatiewe invloed van die Covid-19 pandemie op die ekonomie en die bedryf, beide kommersieel en operasioneel, TMT Services (Pty) Ltd gesukkel het om uitvoering te gee aan die dienste soos ooreengekom in die diensleweringsooreenkoms en van voorneme was om die ooreenkoms te beëindig;
- (b) Dat kennis geneem word van die redes soos voorgelê vir die wysiging van die Kontrak T40/18/19 ingevolge die magtiging soos vervat in artikel 116(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003;
- (c) Dat kennis geneem word dat die voorgeskrewe proses gevolg is ter wysiging van die kontrak en dat geen kommentaar/besware ontvang is nie;
- (d) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die gewysigde tariewe ten opsigte van Kontrak 40/18/19, naamlik:

<b>BASIESE FOOIE</b>	<b>(2020/21) (Vanaf 1 April 2021)</b>	<b>(2021/22)</b>	<b>(2022/23)</b>	<b>(2023/24)</b>
Vaste tarief per betaalde boete	R 200,00	R 210,00	R 220,50	R 231,53
15% VAT	R 30,00	R 31,50	R 33,08	R 34,72
<b>TOTAAL</b>	<b>R 230,00</b>	<b>R 241,50</b>	<b>R 253,58</b>	<b>R 266,25</b>

- (e) Dat verdere goedkeuring verleen word vir die wysiging van die kontrakperiode vanaf drie (3) jaar na vyf (5) jaar tot en met 30 Junie 2024;
- (f) Dat magtiging aan die Munisipale Bestuurder verleen word om die gewysigde diensleweringsooreenkoms te onderteken.

### **8.7 ONREËLMATIGE UITGAWES SOOS GERAPPORTEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL IN VERSLAG VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR (5/15/1/5)**

Die Direkteur: Finansiële Dienste gee agtergrond tot die bevinding van die Ouditeur-Generaal insake die nie-nakoming van die vereistes ingevolge die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid.

Die ondersoek van die Dissiplinêre Raad soos aangeheg tot die verslag bevat volledige inligting aangaande die onreëlmatige uitgawes, sowel as aanbevelings om die gevalle in die toekoms te voorkom.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh O M Stemele, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat daar kennis geneem word van die ondersoek deur die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die onreëlmatige uitgawes soos deur die Ouditeur-Generaal gerapporteer, naamlik dat –



8.7/...

- (a) Die ondersoek afgehandel is met betrekking tot die verkryging van goedere en dienste wat onreëlmatige uitgawes tot gevolg gehad het;
- (b) Die finale gevolgtrekking en aanbeveling aan die Raad soos in die verslag aangedui, is soos volg:
  - (i) dat die onreëlmatige uitgawes van R534 524.95 as oninvorderbaar afgeskryf word aangesien voldoende stappe geneem is en spesiale pogings aangewend was om die belastingrekords van die betrokke verskaffers by die SAID reg te stel;
  - (ii) dat die onreëlmatige uitgawes van R47 398 962.15 deur die Raad gekondoneer word aangesien die Bestuurder: Verkrygingsbestuur oorsig hou oor die elektroniese verkrygingsproses, hoewel die kwotasies nie deur hom goedgekeur was volgens die HFB se stelsel van sub-delegasies nie. Hy het ook die goedkeurings maandeliks aan die Hoof Finansiële Beampte (HFB) gerapporteer;
  - (iii) dat die Bestuurder: Verkrygingsbestuur ter goeder trou opgetree het en die onreëlmatige uitgawes nie die gevolg was van opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of met ander oneerlike bedoeling nie;
- (c) Die gemagtigde stelsel van delegering is binne die outomatiese stelsel (Collaborator) geïmplementeer om te verseker dat goedkeurings van aankope volgens die HFB se stelsel van sub-delegasies wel uitgevoer word; en
- (d) Die LUR vir Plaaslike Regering en die Ouditeur-Generaal moet skriftelik ingelig word ingevolge artikel 32 4) van die MFMA oor die onreëlmatige uitgawes.

#### **8.8 AANSTELLING VAN LID VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE (11/1/3/17)**

Die aanstelling van 'n nuwe lid op die Prestasie en Risiko Ouditkomitee spruit voort uit die bedanking van mnr G N Lawrence.

Munisipaliteite word ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) verplig om 'n ouditkomitee aan te stel wat as onafhanklike adviserende liggaam dien.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl V D McQuire, gesecondeer deur rdl E S M Maart)

Dat, met inagneming van die samestelling van die bestaande komitee ten opsigte van vaardighede, Mnr B J Gouws met ingang van 1 Mei 2021 op die *Prestasie- en Risiko Ouditkomitee* vir drie (3) jaar aangestel word. Dat goedkeuring verleen word dat die aanstelling ooreenkomstig die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 Junie 2019 gedoen word.

**GETEKEN:  
SPEAKER**